UNISA university of south africa

# LCP408Q

Oktober/November 2009

## GEVORDERDE STAATSREG EN FUNDAMENTELE REGTE

Tydsduur 2 Uur 100 Punte

EKSAMINATORE
EERSTE PROF AMB MANGU
TWEEDE MNR DT MAILULA

**HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT TWEE (2) BLADSYE**

HIERDIE EKSAMENVRAESTEL BLY DIE EIENDOM VAN DIE UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA EN MAG NIE UIT DIE EKSAMENLOKAAL VERWYDER WORD NIE
GEE ASSEBLIEF NOUKEURIG AANDAG AAN DIE VOLGENDE INSTRUKSIES

1 HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT DRIE VRAE MET ONDERAFDELINGS
2 BEANTWOORD AL DIE VRAE
3 VERWYS NA TOEPASLIKE WETGEWING, REGSPRAAK EN/OF LITERATUUR
4 LET OP DIE PUNTETOEKENNING VIR ELKE VRAAG EN PAS U ANTWOORD DIENOOREENKOMSTIG DAARBY AAN

**VRAAG EEN**

1 1 Bespreek die begrip van konstitusionalisme in Suid-Afrika met verwysing na regspraak en literatuur (15)

1 2 Bespreek krities, met verwysing na regspraak, die rol van die openbare mening ten opsigte van die lewering van 'n regterlike uitspraak (10)

1 3 Kritiseer analities die kontra-meerderheidsdilemma (*counter-majoritarian dilemma*), die benadering van die Konsitusionele Hof tot hierdie probleem kragtens die tussentydse Grondwet van Suid-Afrika en of hierdie probleem nog steeds volgens die 1996-Grondwet bly voortbestaan (10)
**[35]**

[BLAAI OM]

## VRAAG TWEE

2 1 Verduidelik, met verwysing na regspraak, die belang van die leerstuk van die skeiding van magte soos verskans in die 1996-Grondwet, en ondersoek verder hoe die Konstitusionele Hof die probleem van die botsing tussen die leerstuk self en geregtelike hersiening benader het (15)

2 2 Ondersoek krities of die begrip van provinsiale outonomie versoenbaar is met die beginsel van samewerkende regering (10)

2 3 Bespreek, met verwysing na die *Grootboom-* en *Soobramoney*-saak, die Konstitusionele Hof se benadering tot sosio-ekonomiese regte, die afdwinging daarvan kragtens die Handves van Regte, die beregbaarheid daarvan en die perke van geregtelike hersienning (15)

**[40]**

## VRAAG DRIE

3 1 Bespreek, met verwysing na regspraak, die grondwetlike vereiste dat die nasionale en provinsiale wetgewers openbare betrokkenheid (*public involvement*) in hul wetgewende prosesse moet fasiliteer (10)

3 2 Bespreek, met verwysing na *S v Makwanyane*, die belang van die tweestadium-benadering wat die Konstitusionele Hof by die beperking van fundamentele regte aanvaar het (5)

3 3 Bespreek die uitdagings aan geregtelike onafhanklikheid soos aangetoon in die uitspraak van die Hoe Hof van Appèl in *National Director of Public Prosecutions v Zuma* (573/08) [2009] ZASCA 1 (12 Jan 2009) (10)

**[25]**

**TOTAAL** **{100}**

©
UNISA 2009